Les 6

** 4–10 Augustus*

Petrus se bediening

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:
Handelinge 9:32–43, Handelinge 10:9–16, Efésiërs 2:11–19, Handelinge 11:1–26, Handelinge 12:1–18.

Geheueteks:
"En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is' " (Handelinge 10:34, 35).

Na Paulus se vertrek na Tarsus, word Petrus weer die hoofkarakter in Lukas se vertelling van die Christelike kerk se vroeë dae. Volgens Lukas se skrywe, was Petrus in 'n rondreisende bediening in Judéa en die omliggende gebiede betrokke. Twee kort wonderwerke word hier in Handelinge vertel, die gesondmaking van Enéas en die opwekking van Tabíta (Dorkas), waarna die verhaal van Cornelius in Hoofstuk 10 vertel word. Die bekering van die heidene was die mees betwisbare saak in die apostoliese kerk. Alhoewel die besprekings wat op Cornelius se doop gevolg het by verre nie al die probleme opgelos het nie, het die uitstorting van die Gees wat hulle aan Pinkster laat dink het, gehelp om Petrus en die broeders in Jerusalem te herinner dat die seëninge van die evangelie nie tot die Jode beperk was nie. Intussen het die kerk se sending in Antiochië ook al hoe meer na die heidene begin beweeg.

Hierdie week se studie sluit ook die opkoms van 'n nuwe vervolgingsvlaag in wat nie lank geduur het nie (hierdie keer onder Koning Herodus), en hoe dit die apostels wat Paulus se vervolging van die kerk vrygespring het, geraak het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Augustus.*

Sondag

5 Augustus

By Lidda en Joppe

Petrus was besig om die Christengemeentes in die kusgebiede van Judéa te besoek. Sy doel was waarskynlik om hulle in die leer van die apostels te onderrig (Handelinge 2:42), maar God het hom gebruik om kragtige wonderwerke op dieselfde manier te doen soos Jesus gedoen het.

Lees Handelinge 9:32–35. Watter ooreenkomste sien jy in die wonderwerk van Jesus in Lukas 5:17-26, en die gesondmaking van Enéas?

Ten spyte van die kort verslag hiervan, herinner die wonderwerk ons aan die bekende verhaal van die verlamde man van Kapérnaüm wat deur Jesus gesond gemaak was (Lukas 5:17–26). Selfs die feit dat hy bedlêend was, stem ooreen met Jesus se wonderwerk. Maar wat meer belangrik is, het die Enéas se gesondmaking nie net in Lidda nie, maar ook in die kusgebied van Saron 'n invloed gehad. Nadat hulle dit vir hulself gesien het, het baie mense hulle tot die Here bekeer.

Lees Handelinge 9:36–43. Hersien die verhaal van Tabíta se opstanding. Hoekom was sy so spesiaal?

Tabíta — die Aramees vir "gemsbok", en in Grieks, Dorkas — was 'n gelowige wat baie geliefd in haar buurt weens haar Christelike welsynswerk, was. Die verhaal van haar opstanding vergelyk ook met 'n wonderwerk wat deur Jesus gedoen was, die opwekking van Jaïrus se dogtertjie (Lukas 8:41, 42, 49–56), wat Petrus gesien gebeur het. Deur Jesus se voorbeeld te volg, het hy almal gevra om uit die kamer uit te gaan (sien Markus 5:40). Toe het hy gekniel en gebid, en na haar geroep, " 'Tabíta, staan op' " (Handelinge 9:40). Die apostels het baie wonderwerke gedoen; feit is egter dat dit God se handelinge deur middel van die apostels se hande was (Handelinge 5:12). Die ooreenkomste met Jesus se eie wonderwerke was miskien om die kerk, en ons vandag ook, te herinner dat wat die meeste saak maak, nie wie die instrument is nie, maar die mate van sy/haar oorgawe aan God (sien Johannes 14:12). Wanneer ons God toelaat om ons ten volle vir die evangeliesaak te gebruik, kan groot dinge gebeur. Petrus het nie net vir Tabíta opgewek nie, maar dié wonderwerk het baie bekerings in Joppe tot gevolg gehad (Handelinge 9:42).

Sommige mense dink dat as hulle maar net 'n werklike wonderwerk kan sien gebeur soos wat hierbo gebeur het, dan sal hulle glo. En hoewel wonderwerke van tyd tot tyd gehelp het om sommige mense tot die geloof te gewen het, is die Bybel met verhale gevul van hulle wat die wonderwerke sien gebeur het, en tog nie geglo het nie. Waarop moet ons geloof dan gebaseer wees?

Maandag

6 Augustus

By Cornelius se huis

In Joppe het Petrus by ‘n sekere Simon, ‘n leerlooier van beroep (Handelinge 9:43), tuisgegaan. Intussen, in Cesaréa, ongeveer vyf-en-twintig myl (40 kilometers) vanaf Joppe, het daar ‘n Romeinse hoofman met die naam, Cornelius, gewoon. Hy en sy huishouding was toegewyde aanbidders van God, maar het nog nie Judaïsme en die besnydenis ten volle aangeneem nie. In ‘n Godgegewe visioen het hy instruksies ontvang om boodskappers na Joppe te stuur om Petrus na hom toe uit te nooi (Handelinge 10:1–8).

Lees Handelinge 10:9–16, 28, 34, 35. Watter ondervinding het Petrus gehad, en hoe het hy dit geïnterpreteer?

Dit is belangrik om te weet dat Petrus se visioen nie oor voedsel gegaan het nie, maar oor mense. Ja, dit het ongeveer om twaalfuur gebeur toe Petrus honger was, en die stem hom beveel het om dood te maak en te eet; maar God het die visioen gebruik, nie om onrein diere almal rein te verklaar nie, maar om Petrus te leer dat die evangelieboodskap vir alle mense bedoel was.

Die visioen was spesifiek bedoel om Petrus se weerstand teen die heidene af te breek. Petrus se siening was dat, indien hy Cornelius se huis sou binnegaan en saam met hom sou verkeer, hy homself sou verontreinig het en nie in die tempel sou kon aanbid, of in God se teenwoordigheid sou kon kom nie. Die eerste-eeuse Jode van Judéa en die omringende gebiede het nie met onbesnede heidene gemeng nie. Daar was ‘n probleem met hierdie teologie wat die heidene uitgesluit het uit die gemenebes van Israel, aangesien dit die hele rede vir die bestaan van Israel as nasie verkeerd voorgestel het, want hulle was bedoel om die wêreld met die kennis van die ware God te vul.

Omdat die besnydenis die teken van die verbond tussen Abraham en die Here was, was onbesnede heidene afgesonder en met minagting behandel. Hulle kon geen aandeel in die seëninge van die verbond kry totdat hulle die besnydenis aanvaar en Jode geword het nie. Maar so ‘n konsep kon nie vereenselwig geword het met die universele omvang van Jesus se dood nie, soos die eerste gelowiges in die loop van tyd dit begin verstaan het.

Lees Titus 2:11, Galásiërs 3:26–28, en Efésiërs 2:11–19. Wat leer hierdie teksverse ons oor die universaliteit van die evangelieboodskap? Wat behoort dit ons te leer oor hoe verkeerd dit vir Christene is om vooroordeeld teen enige volksgroep te wees?

Dinsdag

7 Augustus

Die gawe van die Gees

Handelinge 10:44–48 openbaar ‘n kritieke oomblik in die vroeë kerk se geskiedenis. Dit was die eerste keer dat die evangelie aan die onbesnede heidene deur een van die apostels verkondig was. Anders as die Hellenistiese gelowiges was die apostels en ander Judese gelowiges nie gereed om heidene in die kerk te aanvaar nie. Aangesien Jesus Israel se Messias was, het hulle gedink dat die evangelieboodskap net aan die Jode wat ver en naby gewoon het, gebring moes word. Die heidene sou eers na Judaïsme moes oorkom, en dan in die gemeenskap van gelowiges aanvaar word. Met ander woorde, voordat die heidene Christene kon word, moes hulle eers Jode geword het. Dit was die denke van die Joodse gelowiges wat verander moes word. Die gawe van tale wat aan Cornelius en sy huishouding gegee was, was bygevoeg as ‘n duidelik waarneembare teken dat so ‘n konsep verkeerd was, dat God geen witbroodjies het nie, en dat, in terme van verlossing, beide Jode en nie-Jode gelyk voor Hom was.

Lees Handelinge 11:1–18. Hoe het die kerk in Jerusalem op Petrus se ondervinding in Cesaréa gereageer?

Die lankbestaande Joodse vooroordeel teenoor die heidene het die gelowiges in Jerusalem daartoe gelei om Petrus te kritiseer omdat hy saam met mense geëet het wat nie besny was nie. Dit kom voor asof hulle meer oor die Joodse seremoniële gewetensbesware besorgd was, as oor Cornelius en sy gesin se redding. Hulle mag dalk gevrees het dat, indien die kerk haar met sulke gebruike sou ophou, dit sou lyk asof Israel se geloof verloën word, dat hulle God se goedkeuring sou verloor en hulle self skuldig sou maak aan die aanklagte – deur hulle mede-Jode – wat daartoe gelei het dat Stéfanus gestenig was. “Die tyd het aangebreek wanneer die kerk van Christus ‘n heel nuwe werksgebied sou betree. Die deur wat talle van die Joodse bekeerlinge teen die heidene gesluit het, sou nou wyd oopgestel word. En die heidene wat die evangelie aanneem, moes op gelyke voet met die Joodse dissipels behandel word sonder om hulle aan die besnydenis te onderwerp.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 109-110. Net soos by Pinkster het hulle ook hier in reeds-bestaande tale wat hulle nie voorheen geken het nie, gepraat, en nie in bonatuurlike of hemelse tale nie. Net die doel daarvan het verskil: terwyl hierdie gawe vir die apostels die kerk se wêreldsending ten doel gehad het, was dit vir Cornelius ‘n bevestiging van God se genade wat ook aan die heidene beskikbaar geword het.

Woensdag

8 Augustus

Die kerk in Antiochië

Cornelius se bekering het Lukas gemotiveer om nou, vir 'n wyle, die verhaal van Petrus se bediening te onderbreek, en verslag van die evangelie se aanvanklike vordering onder die heidene, te lewer.

Lees Handelinge 11:19–26. Wat het gebeur toe sommige van die vlugtelinge uit Jerusalem in Antiochië aangekom het?

_____

_____

Hierdie afdeling van Handelinge 11 verwys terug na Paulus as vervolger in Hoofstuk 8. Daarom, terwyl die genoemde ontwikkelinge in Judéa en elders plaasgevind het, het sommige van die Hellenistiese gelowiges wat uit Jerusalem moes vlug, die evangelie buite die grense van Judéa versprei. Lukas gee spesiale aandag aan die groot stad, Antiochië, in Sirië, waar vlugtelinge begin het om die evangelie aan hulle mede-Jode en aan die Griekssprekende Jode te preek, en baie van hulle het die geloof aanvaar. Jesus se opdrag in Handelinge 1:8 het toe werklikheid geword deur die pogings van hierdie Griekssprekende Joodse Christene. Hulle het die werklike pioniers van die sending aan die heidene geword.

As gevolg van die kerk se sukses in Antiochië, het die apostels in Jerusalem besluit om Bárnabas te stuur om die situasie te gaan beoordeel. Toe hy die groot moontlikhede vir die bevordering van die evangelie agtergekom het, het Bárnabas gevra dat Paulus wat nog in Tarsus was, moes kom, omdat hy gevoel het dat Paulus 'n belangrike bydra daar kon lewer. Bárnabas was reg. Gedurede die jaar wat hy en Paulus saamgewerk het, het groot skares, meestal heidene, van die evangelie gehoor. Die entoesiasme waarmee hulle oor Jesus Christus gepraat het, het veroorsaak dat die gelowiges daar vir die eerste keer "Christene" genoem was (Handelinge 11:26). Die feit dat hulle Christene "genoem" was, dui aan dat die term deur nie-gelowiges versin was, heelwaarskynlik spottenderwys, terwyl die gelowiges self verkies het om na hulleself as "broeders" (Handelinge 1:16), "dissipels" (Handelinge 6:1), of selfs "heiliges" (Handelinge 9:13), te verwys. Teen die tyd wat Handelinge geskrywe was, was "Christen" 'n algemeen aanvaarde naam (Handelinge 26:28), en Lukas het dit blykbaar goedgekeur. "Christen" beteken 'n volgeling of aanhanger van Christus.

Wat beteken dit vir jou om 'n "Christen" genoem te word? Wat omtrent jou lewe is waarlik Christelik? Dit wil sê, hoe verskil jou lewe van nie-Christene met betrekking tot dit wat regtig saak?

_____

Donderdag *9 Augustus*

Die vervolging deur Herodes

Met die fokus weer op Judéa lees ons hoe Herodes Jakobus, die broer van Johannes en seun van Sebedéüs (Markus 1:19), tereggestel het. Hy wou dieselfde met Petrus gedoen het.

Lees Handelinge 12:1–4. Wat leer dit ons oor die uitdagings wat die vroeë kerk in die gesig moes kyk?

Die Koning Herodes wat hier genoem word, is Agrippa I, die kleinseun van Herodes die Grote (Matthéüs 2:1); hy was die heerser van Judéa vanaf 40-44 n.C.. As gevolg van sy vroomheidsvertoon, was hy populêr onder sy Joodse onderdane, veral die Fariseërs. Sy poging om die goedkeuring van die Jode te wen deur sommige van die apostels aan te val, stem baie goed ooreen met wat ons van hom uit ander bronne leer. Omdat Agrippa sukses met Jakobus se teregstelling behaal het, het hy ook beplan om Petrus om die lewe te bring. Petrus was gearresteer en oorgelewer aan vier afdelings wat uit vier soldate elk vir die vier nagwake, bestaan het. Petrus het dus vier soldate op 'n slag by hom gehad: hy was aan twee soldate vasgeketting, een aan elke kant van hom, en die ander twee het die ingang bewaak. So 'n streng voorsorgmaatreël was definitief om te voorkom wat met Petrus (en Johannes) voorheen gebeur het (Handelinge 5:17–20).

Lees Handelinge 12:5–18. Wat het as gevolg van die broeders se gebede, gebeur?

Die nag voor die dag waarop Agrippa Petrus wou verhoor en tereggestel het, was Petrus weer wonderbaarlik deur 'n engel gered. Hierna volg die verhaal van Agrippa se dood in Cesaréa (Handelinge 12:20–23). Daar was al probeer om die oorsaak van sy dood te identifiseer (buikvliesontsteking, 'n maagsweer, selfs vergiftiging); maar Lukas sê baie duidelik dat die koning gesterf het omdat hy die "eer nie aan God gegee het nie".

Jakobus was doodgemaak, Petrus was bevry, en Herodes het God se oordeel in die gesig gekyk. In sommige gevalle sien ons dat geregtigheid seëvier; in ander gevalle lyk dit nie so nie. Wat leer dit vir ons oor hoe ons net nie al die antwoorde op al ons vrae het nie, en hoekom ons deur geloof moet leef met betrekking tot wat ons nie verstaan nie?

Vrydag

10 Augustus

Vir verdere studie:

"In die tiende hoofstuk van Handelinge kry ons weer 'n geval van bediening deur engele uit die hemel, wat die bekering van Cornelius en sy hele huis tot gevolg gehad het. Hierdie hoofstukke [8–10] moet gelees word en spesiale aandag kry. Daarin sien ons dat die hemel baie nader aan die Christen is wat in die werk van sieleredding betrokke is, as wat baie dink. Ons moet ook uit hierdie hoofstukke die les van God se belangstelling in elke mens leer, en dat elkeen sy medemens as een van die Here se instrumente vir die voltooiing van Sy werk op aarde, moet sien, en so behandel." — Ellen G. White *Comments, The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1059, (vrye vertaling). "Wanneer die kerk bid, sal die werk van God vorder, en Sy vyande sal verdwyn, selfs al word die kerk nie van lyding en vervolging vrygestel nie; Lukas se vertroue in die seëviering van die evangelie is baie realisties en erken daardeur dat, hoewel die Woord van God nie ingeperk kan word nie, sy dienaars waarskynlik sal moet ly en beperk sal word." — I. Howard Marshall, *The Acts of the Apostles* (Grand Rapids: Eerdmans, 1980), bl. 206-207, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Cornelius word soos volg beskryf: "Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God" (Handelinge 10:2). Dit was duidelik dat God se Gees lank reeds in Cornelius gewerk het voordat hy Petrus ontmoet het. Kan dit wees dat sy toegewyde lewe 'n geleentheid vir God geskep het om hom te bereik met die evangelieboodskap? Watter les leer ons uit sy verhaal?

2. Kyk weer na Maandag se laaste vraag in die klas en vra julleself die volgende vraag: Wat is die kulturele, sosiale en politieke konteks waarin jy leef wat die soort etniese spanning wat Christene nie veronderstel is om te koester nie, kweek? Met ander woorde, wanneer dit nodig is, hoe kan ons as Christene bo ons kultuur en agtergrond uitstyg?

3. Afgesien van die skade wat dit veroorsaak het, het Paulus se vervolgingpogings ten goede meegewerk: die vlugtelinge wat in Antiochië aangekom het, het vir die Jode en vir die Grieke begin preek. Deel jou persoonlike ondervinding met die klas waar jou pyn en lyding deur God in 'n seën verander was.

4. Jakobus was een van die dissipels wat baie na aan Jesus was (Markus 5:37, 9:2, 14:33); tog was hy die eerste van die twaalf wat gemartel en doodgemaak was. Watter ander voorbeelde is daar van getroue mense in die Bybel wat onregverdiglik gely het? Watter lesse kan ons uit hierdie verhale vir onsself oor die vraag van lyding, neem?